

**3 Oktober**

**Skrifgedeelte: Romeine 9:30-10:21**

**Fokusgedeelte: Romeine 10:9**

**Goeie nuus: Vryspraak is 'n skat wat God nie wegsteek  
nie**

Paulus wil seker maak dat jy jou vryspraak nie misverstaan nie. Jou vryspraak is sulke ongelooflike goeie nuus – meer as nuus, dit is 'n werklikheid wat jy kan én mag belewe. Dan moet jy dit egter belewe soos jou Here dit bedoel het.

Jou verantwoordelikheid ten opsigte van jou vryspraak is nie om onmenslike pogings aan te wend om die werklikheid én die waarheid daarvan te probeer bevestig nie. Menslike pogings om sekerheid te verkry oor God se vryspraak vir sy kind, kan tog so maklik tot die gedagte lei dat jy 'n aandeel in jou eie verlossing het. Daarom moet jy nie die goeie boodskap probeer bevestig deur (vers 6) na die hemel toe te wil opklim nie. Hoe sal jy tog vir Christus kan afbring? Dit is ook sinneloos om Jesus in die onderaardse diepte te wil gaan haal. Hy het tog immers self uit die dood opgestaan.

Jy mag dus maar ontspan. Om werklik seker te wees van jou vryspraak in Christus, beteken nie dat jy aan 'n skattejag hoef deel te neem nie. Vrome inspanning in 'n heilige soektog is onnodig, want die skat is baie naby – só naby soos jou lippe en jou hart. Hoor hoe mooi is die woorde van vers 9: “As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word.” Moenie hieraan twyfel nie, want elke Bybelbladsy vertel eintlik maar van die goeie nuus vir tot-die-dood-toe-skuldige sondears. God se vryspraak is so naby aan jou as wat sy Woord aan jou is. Daarom is alle vroom sweet en inspanning onnodig. Gods Woord leer eenvoudig: jy moet maar net bely en glo!

Weet jy, die goedheid van God is ongelooflik. Vir 'n vrygespreekte sondear is die bevel bloot: glo dat Jesus vir jou sondes gesterf het én bely (sê) dat Hy jou Here is wat alles oor jou lewe te sê het. Dit is al voorwaarde vir jou om gered te word. Sal jy dan nie sê nie: Ek loof U omdat U goed is? Vader, lei en rig my, sodat my geloof nie wankel nie en my belydenis altyd sal wees: aan God alleen die eer!

Sing: Psalm 32:3

Ds PH Heystek (Pretoria-Montanapoort)